NWK Leweransiersgholfdag 2009

Dankie! U maak 'n verskil

Hiermee wil NWK sy leweransiers bedank vir hul goedhartige ondersteuning by vanjaar se gholfdag, wat op 17 September in Rustenburg gehou is.

R30 000 en R20 000 is onderskeidelik aan die Lichies Omgeeprojek en die Hope Community Centre in Blydeville geskenk. Sedert dié inisiatief in 2006 van stapel gestuur is, is R206 000 aan 'n verskeidenheid instansies geskenk.

Mnr Danie Marais (Besturende Direkteur: NWK) en Pastoor Eben Eksteen van die Hope Community Centre.

By die **Hope Community Centre** help vrywilligers om 'n beter, blinker toekoms vir almal in die gemeenskap te bou deur 'n ABET opleidingsentrum vir volwassenes, 'n rekenaaropleidingsentrum vir alle ouderdomme, kos te maak, hulp te verleen met die voltooiing van sosiale toelaagaansoeke en berading te gee vir mishandelde vroue en kinders.

Die **Lichies Omgeeprojek** se hoofdoel is om gemeenskapsbetrokkenheid aan te moedig by hulpbehoewende gesinne en bejaardes op Lichtenburg en Coligny. Met die hulp van individue, instansies en maatskappye verskaf hulle kospakkies, Kersgeskenke, klere en vele meer aan die gemeenskap.

Mnr Danie Marais (Besturende Direkteur: NWK) en me Jeanette van der Merwe van die Lichies Omgeeprojek.

'n Hartlike dank gaan uit aan al die borge en ondersteuners wat die skenkings moontlik gemaak het!

Absa, Afrivet, Agrinet, Agriwire North, Avello, Bridgestone SA, Efekto, Einstein Electrical Engineers, Engen, Falcon, Farm-IT Solutions, Farmwise Grains, Fincrop, Faction Lara Group, Franklin Electric, GD Sakkor, Hadeco, Immunovet, Instavet, Infoworks, Intervet, Keystone Milling, Kobus du Preez, Landboumakelaars, Macsteel, Magaliesburg Supa Quick, Merial, Molatek, Mutual & Federal, National Fumigants, Noordwes Voere, Northmec, NWK Molopo, Olivier Lourens Fourie Prokureurs, Prestige Credit, Profert, Ronin, Rovic & Leers, Sabie Management Services, Santam Agri, Shield Safety Products, Tindrum Advertising, Topexec, Virbac, en Voermol.

NWK